

KOMMUNIKAMMA 12 SEPTEMBER 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit.wessels@hotmail.com

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Vandag is Biddag vir bediening aan die Jode, Leprosiedag (Melaatses) en Toerustingsondag

Skriflesing: 1 Joh 2:3-6

Tema: 'n Christen leef soos Christus.

"Daarteenoor is iemand wat beweer: "Ek ken Hom baie goed," maar nie doen wat Jesus vra nie, natuurlik 'n leuenaar. So iemand kan nie eens "waarheid" spel nie. Die liefde wat God gee, blom en bloei juis in hom wat gehoorsaam luister na wat Jesus wil hê. Ons moet dus nie net praat oor wat Hy wil hê nie. Ons moet elke dag daarvan werk maak om presies te leef soos Jesus geleef het. So kan ons seker wees dat ons deel van God se familie is en bly." (1 Joh 2:4-6 uit die Boodskap)

08:30 Eietydse-erediens

<https://youtu.be/TNM20u2ldt4> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

10:00 Klassieke-erediens

(Ons deurdankoffer gaan vir Wêreldsending)

KATEGESE

10:00 Kategese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 - 11 kategese vind by ouerhuse plaas.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou net **50 persone** per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die eredienste.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie, maar dat persone wat bespreek het toegelaat sal word en die wat opdaag net toegelaat word tot ons die getal van 50 bereik. Indien eredienste vol is en regulasies nie verander nie, sal ons voortgaan om 2 eredienste te hou.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

GETUIENIS

Indien enige iemand julle getuigenis met die gemeente wil deel, moedig ons julle aan om dit te doen. Kontak asb met een van die dominees of met Niekie.

Maandag 13 September

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

Dinsdag 14 September

Daar sal geen Leef@Kerk wees nie a.g.v. die Toetsreeks.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook nou toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R247 423,66 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 15 September

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

18:00 Dagbestuur via Zoom

Vrydag 17 September

05:15 MANNEGROEP

Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 19 September

08:30 EIETJDSE-EREDIENS

10:00 KLASSIEKE-EREDIENS

10:00 KATEGESE

Kategese by die kerkgebou vir graad 7 - 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 1 - 6 kategese vind by ouerhuise plaas.

Donderdag 30 September 2021

Jong volwassene Pizza en Wyn aand

Tyd: 19:00-20:30

Plek: Kraggakamma Gemeente (saal).

Kostes: Geen

Ons nooi almal wat jonk en volwasse is vir 'n aand van gesellige saam kuier en saam dink by die kerkgebou. Indien jy graag wil bywoon, kontak vir Toit Wessels (084 240 2916).

SAKE vir GEBED:

- Ons bly laag op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van damme van ons stad en omgewing. Ons hulp kom van ons Here en ons pleit dat Hy in Sy Almag sal ingryp en vir ons reën sal stuur. Bid ook ernstig vir al die ander droogtegeteisterde gebiede in ons omgewing en in ons land.
- Dink aan die toestand in die Midde-Ooste en dra ons boeties en sussie in geloof aan ons Vader op en vra vir hul beskerming en dat hulle sal vasstaan in hulle geloof.
- Al meer jongmense word gediagnoseer met Covid 19. Leerders en leerkragte het gebed nodig. Hulle is besig met toetse en eksamens.
- Ons gesondheidswerkers kry swaar agv uitputting op alle gebiede. Bid dat daar planne in werking gestel sal word om aan hulle verligting te bied.
- Eileen Scholtz, wie se dogter, Minerva, skielik oorlede is.
- Dink aan Zeldia Bakkes wat geopereer word.

- Peter en Joan Crause sukkel met hul gesondheid.
- Marius Thiar se broer, Deon is ernstig siek.
- Sakkie en Linda Rossouw se kleindogtertjie, Amelia is siek.
- Annel Germishuys se pa, David Keyser, is baie siek. Bid ook vir sy vrou, Alida.
- Josh het Covid-19. Bid vir die gesondheid van die gesin.
- Kleinskool waar daar so baie mense sonder werk sit, maar ten spyte van hul haglike toestande hul geloof en barmhartigheid onder mekaar uitleef.
- Gerrit en Janine Coetzee - dat hulle kragte herstel sal word om voort te gaan met die wonderlike werk waarvoor hulle geroep is.
- Ons aftree-oorde, waar so baie van ons gemeentelede tuis is. Ons dank God dat Hy hulle elke dag dra en dat hulle so blymoedig is, ten spyte van die Covid-19 omstandighede. Elke afgetredene is kosbaar en ons is lief vir julle. Ryke seën vir julle.
- Dankie aan elkeen wat ons PE Noord Projek so ondersteun. Dit word baie waardeer.
- Elke lidmaat van Kraggakamma. Julle is kosbaar in die oë van die Here. Wees elkeen Sy Fontein van Liefde.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam vir genade vir Christene in **Burkina Faso** om vas te bly staan in hulle geloof, wanneer hulle konstante vyandigheid in die gesig staar

BAIE DANKIE!!

Jan en Theresa Lombard, asook Jacques, wil graag almal bedank vir al die gebede en belangstelling dmv oproepe, besoeke, boodskappe, blomme en etes, wat hul ontvang het tydens die afsterwe van hul Ma en Ouma, Charlotte Janse van Rensburg. Ons waardeer dit opreg.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- | | |
|--------------|---|
| 12 September | Bertie Moore en Sarel van Huyssteen |
| 13 September | Alet Bosch, Ruan de Lange, Nicky Esterhuysen, Rina McCabe, Malan Meiring, Martie Myburgh, Jane Scheepers |
| 14 September | Wayne Delpont en Yvette Erasmus |
| 15 September | Arnu Botha, Penelope Greyling, Wynand Grobler, Petrus Jordaan, Hano van Rooyen, Wian van Rooyen |
| 16 September | Maryke Friend, Jenna le Roux, Johan van der Merwe |
| 17 September | Heinrich Albertyn, Nicolene Botha, Zander Botha, Jaco Kotze, Lise Minnie, Etienne Stassen en Elsa van der Merwe |
| 18 September | Amoret Basson, Robert Cronje, Amelia Esterhuysen, Linda Heath, Joey Koen, Belinda Krause, Alexander Meyer, Nicole Meyer, Benjonita Shaw en Luna van Heerden |



TERUGVOERING VAN DIE 2020/2021 BOEKJAAR

Die state van die gemeente is deur die ouditproses en die kerkrad het met die afgelope kerkradsvergadering die Geouditeerde State goedgekeur. Die state asook 'n samevatting daarvan is op ons webwerf beskikbaar by

<http://www.ngkraggakamma.co.za/index.php?destination=Administrasie>

Die gemeente se surplus vir die afgelope boekjaar was R250 383.77. Ons 4 groot inkomstes is maandelikse-, tiendemaand-, erediensdankoffers en kermis. Ten spyte van die feit dat ons net 'n baie verkleinde kermis kon hou en erediensdankoffers baie minder is omdat ons nie erediensdienste kon hou nie, het ons totale inkomste uit die 4 bronne gestyg met R123 985.15 teenoor die vorige boekjaar. Ons dank die Here wat voorsien het deur elke lidmaat se dankbare bydrae!

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



There4-Bedieninge nooi julle om saam te reis op Sondag, 3 Oktober 2021.

Ons gaan al die pad per Zoom na Egipte...geen vliegtuigkaartjie is nodig nie, ook nie paspoorte nie. Net 'n ongelooflike geleentheid om te sien hoe ons vriende en vennote die liefde van Christus leef en veral vir ons boeties en sussies vir wie bemoediging so nodig is. Julle gaan alles hoor oor hulle bediening wat Dissipelskapopleiding, en veral hulle betrokkenheid en werk met vroue behels. Hierdie is nie geloofshelde nie, net gewone mense soos ons wat almal geantwoord het "Ja Here, hier is ek, stuur my".

RSVP deur 'n e-pos te stuur aan Nadia by support@there4ministries.org of 'n sms boodskap aan +27823360253.

Ons hoop regtig dat julle saam ons gaan reis.

Saam in Sy diens

Die There4 Bediening Span



☐ Reis saam met ons na Egipte vir 'n Bemoedigende Ontmoeting met ons vennote en vriende:

☐ Datum: Sondag 3 Oktober 2021

☐ Tyd: 18:30 – 19:30

☐ Zoom: RSVP support@there4ministries.org om die skakel te ontvang